DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS

***

STUDENTESIMPOSIUM IN DIE SOSIALE- EN GEESTESWETENSKAPPE

31 OKTOBER 2018

Kunslokaal, 2de Vloer,
Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
Ziervogelstraat 574, Arcadia, Pretoria, 0083
Privaat Sak X11, Arcadia, Pretoria, 0007
Tel.: 086 133 3786
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webblad: www.akademie.co.za

SIMPOSIUM

Program

Woensdag 31 Oktober 2018

Kunslokaal, 2de Vloer, SA Akademie

08:30–09:00	**REGISTRASIE en tee/koffie en beskuit**

09:00–09:10	Verwelkoming:
09:10–09:20	Bekendstelling van die SA Akademie
Sessie 1	**Opvoedkunde en opleiding**
	Voorsitter:
09:20–09:40	*Die implementering van ’n professionele ontwikkelingsprogram in stralingveiligheid vir werknemers van kleindier veterinêre praktyke* – Cornelia Hanekom, Ontwerp en ontwikkeling, UP
09:40–10:00	*Die verhouding tussen belegging in informasie en kommunikasie tegnologie (ITK) en wiskunde prestasie* – Guillaume Kruger, Dept. Opvoedkunde, UP
10:00–10:20	*Die daarstelling van 'n leeromgewing wat vaardighede benodig vir die 21ste eeu ontwikkel* – Ankie Robberts, Dept. Opvoedkunde, UP
10:20–10:40	*Mobiele toestelle as leermiddels in hoër onderwys* – Mari van Wyk, Dept. Opvoedkunde, UP

10:40–11:05	**Tee/koffie en verversings**

Sessie 2	**Regsgeleerdheid**
	Voorsitter:
11:05–11:25	*Wan- en weldade: Na 'n nuwe artikulasie van skuld en die verlede* – Daniel du Plessis, Dept. Regsgeleerdheid, UP
11:25–11:45	*'n Nuwe aanslag word benodig tot internasionale kommersiële kontrakte in Suid-Afrika* – Michelle Oelofse, Dept. Regsgeleerdheid, UP

11:45–11:55	**Kort pouse**

Sessie 2	**Taalkunde en linguistiek**
	Voorsitter:
11:55–12:15	*Die weerspieëling van magsverhoudinge en ideologie in 20ste eeuse vertaaltendense* – Maricel Botha, Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg
12:15–12:35	*'n Minimalistiese analise van ekspletiewe negativering in Afrikaans* – Jean-Marie Potgieter, Tale, Universiteit van Stellenbosch
12:35–12:55	*Morfologiese evaluerende konstruksies in Afrikaans: van hondmoeg tot koffietjie* – Benito Trollip, Dept. Afrikaans en Nederlands, NWU
12:55–13:15	*'n Studie oor die aktiveringsproses van die mentale leksikon van tweetaliges, vertalers en tolke* – George de Bruin, Afriforum

13:15–14:00	**Middagete en Plakkaatuitstalling**

Sessie 3	**Geskiedenis, Antieke tale en kultuur**
	Voorsitter:
14:00–14:20	*Noodsaaklike onreëlmatighede: 'n Kort bespreking oor die 1964 Cillié kommissie van ondersoek* – Emile Coetzee, Dept. Geskiedenis, Noordwes-Universiteit
14:20–14:40	*Egiptiese simbole in moderne kultuur: die ankh en Wadjet-oog* – Derick Coetzee, Antieke Studies, Unisa
14:40–15:00	*Die impak van water en watersisteem ontwikkeling op sosiale ontwikkeling in die antieke Nabye Ooste* – Elanij Swart, Antieke Studies, Unisa

15:00–15:20	**Tee/koffie en verversings**

Sessie 5	**Filosofie en wysbegeerte**
	Voorsitter:
15:20–15:40	*Hoe gemaak met denke verby die universitêre konteks? 'n Gevallestudie van kreatiewe spekulasie* – Schalk Gerber, Dept. Filosofie, Universiteit van Stellenbosch en Herculus Boshoff, Dept. Filosofie, Universiteit van die Vrystaat
15:40–16:00	*HG Stoker se 'Wysbegeerte van die Skeppingsidee'* – Victor Correia, Departement Religieuse Studies, Unisa
16:00–16:20	*'n Studie oor die invloed van Gabriel Marcel op Paul Ricoeur se hermeneutiese fenomenologie* – Zander Janse van Rensburg, Dept. Filosofie, NWU
16:20–16:40	*Die effek van Marx en Fanon op identiteit en verantwoordelikheid in hedendaagse kwessies van sosiale geregtigheid* – Pierre Muller, Dept. Filosofie, NWU

16:40–17:00	**Prysuitdeling en afsluiting**

17:00–18:00	**Skemeronthaal**

Sprekers

Referent	Titel van referaat	Bl. no.
Boshoff, Hercules en Schalk Gerber	Hoe gemaak met denke verby die universitêre konteks? 'n Gevalle-studie van kreatiewe spekulasie	8
Botha, Maricel	Die weerspieëling van mags-verhoudinge en ideologie in 20ste eeuse vertaaltendense	10
Coetzee, Derick	Egiptiese simbole in moderne kultuur: die *ankh* en *Wadjet*-oog	12
Coetzee, Emile	Noodsaaklike onreëlmatighede: 'n Kort bespreking oor die 1964 Cillié kommissie van ondersoek	14
Correia, Victor	HG Stoker se 'Wysbegeerte van die Skeppingsidee'	16
De Bruin, George	'n Studie oor die aktiveringsproses van die mentale leksikon van tweetaliges, vertalers en tolke	18
Du Plessis, Daniel	Wan- en weldade: na 'n nuwe artikulasie van skuld en die verlede	20
Hanekom, Cornelia	Die implementering van 'n profes-sionele ontwikkelingsprogram in stralingveiligheid vir werknemers van kleindier veterinêre praktyke	22
Janse van Rensburg, Zander	'n Studie oor die invloed van Gabriel Marcel op Paul Ricoeur se hermeneutiese fenomenologie	25
Kruger, Guillaume	Die verhouding tussen belegging in Informasie en Kommunikasie Tegnologie (IKT) en wiskunde prestasie	27
Muller, Pierre	Die effek van Marx en Fanon op identiteit en verantwoordelikheid in hedendaagse kwessies van sosiale geregtigheid	30
Oelofse, Michelle	'n Nuwe aanslag word benodig tot internasionale kommersiële kontrakte in Suid-Afrika	32
Potgieter, Jean-Marie	'n Minimalistiese analise van ekspletiewe negativering in Afrikaans	34
Robberts, Ankie	Die daarstelling van 'n leeromgewing wat vaardighede benodig vir die 21ste eeu ontwikkel	36

Swart, Elanij	Die impak van water en watersisteem ontwikkeling op sosiale ontwikkeling in die antieke Nabye Ooste	38
Trollip, Benito	Morfologiese evaluerende konstruksies in Afrikaans: van hondmoeg tot koffietjie	40
Van Wyk, Mari	Mobiele toestelle as 'n leermiddel in hoër onderwys	42

Hercules Boshoff

Schalk Gerber

Hoe gemaak met denke verby die universitêre konteks? 'n Gevallestudie van kreatiewe spekulasie

Hercules Boshoff, Dept. Filosofie, Universiteit van die Vrystaat
boshoffhj@ufs.ac.za
Schalk Gerber, Dept. Filosofie, Universiteit van Stellenbosch
schalk.gerber101@gmail.com

Opsomming:
In hierdie bydrae gaan daar 'n terugblik en 'n vooruitskouing gebied word van wat nagraadse filosofie studente sedert 2016 gedoen het om hulle te slyp in hulle vakgebied in hulle moedertaal, ten spyte van die ontneming van hierdie geleentheid by die openbare universiteite. Beginnende by 'n konferensie, is verskeie nuwe planne en inisiatiewe van stapel gestuur met as toekomstige knooppunt 'n webwerf. Die nuwe horisonne het geweldige kreatiewe potensiaal, maar kan egter ook tot oppervlakkigheid aanleiding gee. Daarom word omvattend beplan, sodat beide bestaande bronne en kenners sowel as nuwe bydraes op 'n samehangende wyse bymekaargebring kan word. Die doel hiervan is 'n reiking na 'n breër gehoor sonder om gehalte in te boet. Dit sluit uiteindelik die ontwikkeling van filosofie tot skoolvak in, wat oorsee reeds 'n ou instelling is.

Dit is egter belangrik dat die ontwikkeling van vakterreine buite die universiteit nie in afsondering gebeur nie, maar deur skakeling met ander vakterreine en organisasies op so 'n wyse dat elke organisasie op sy selfstandige doelwit gerig bly, maar dat hulle mekaar kan aanvul. So 'n aanvulling kan nie alleen tussen organisasies binne een kultuurgemeenskap plaasvind nie, maar moet noodwendig wyer reik na ander gemeenskappe, plaaslik en internasionaal. Die houding wat ingeneem word, is dan een van aanbieding aan die gemeenskap, die land, en uiteindelik die geskiedenis,

iets waarby almal kan baat, naamlik ter bevordering van konsekwente, geartikuleerde en kritiese denke.

Kort CV's:
Hercules Boshoff is 'n PhD navorser verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy het sy MA voltooi by die Universiteit van Pretoria, en het ook uitruilprogramme by die Vrije Universiteit van Amsterdam en Radboud Universiteit Nijmegen meegemaak. Sy werk dek filosofie van taal, tegniek, geskiedenis van filosofie, en ekonomie. Hy is medestigter en tans voorsitter van die Chairefoon Inisiatief, 'n organisasie wat filosofie onder Afrikaanstalige nagraadse studente bevorder. Daarbenewens is hy ook aktief betrokke by die NAWG (Nederlands-Afrikaanse Wysgerige Genootskap), wat dialoog tussen Afrikaans- en Nederlandstalige filosowe bevorder.

Schalk Gerber is 'n PhD-navorser aan Stellenbosch Universiteit. Hy het grade verwerf in teologie, filosofie en sielkunde vanaf die Universiteit van Pretoria en Unisa. As deel van uitruilprogramme het hy ook navorsing aan Universiteit van Konstanz, Vrije Universiteit Amsterdam en Universiteit van Leipzig voltooi. Sy navorsing fokus op die verhouding van kontinentale godsdiensfilosofie en postkoloniale denke.

*****

Die weerspieëling van magsverhoudinge en ideologie in 20ste eeuse vertaaltendense

Maricel Botha, Tale, Kulturele Studies en Toegepaste Linguistiek,
Universiteit van Johannesburg
maricelbotha@gmail.com

Opsomming:
In die vertaalteorie is daar sedert die 1980's toenemend op die kulturele en sosiale rol van vertaling gefokus in plaas van vertaling se funksionele, taalkundige rol. Vertaling word in hierdie verband as 'n sosiale magsinstrument gesien wat kommunikasiekanale selektief oopmaak en filtreer volgens heersende magsverhoudinge en ideologieë. Vertaling is dus nooit "onskuldig" of bloot funksioneel nie en die vertaalrekord van 'n samelewing bied belangrike insigte, veral in multitalige en multikulturele kontekste. Die 20ste eeuse Suid-Afrikaanse samelewing bied die perfekte omstandighede om hierdie skakeling tussen vertaling en magsverhoudinge te ontbloot en sal in verband met kultureel opbouende, onderdrukkende en versetideologieë bespreek word. Die teorie wat gevolg word, is Sergey Tyulenev se toepassing van Niklas Luhmann se teorie van sosiale stelsels op vertaling. Onder hierdie benadering word vertaling met 'n selektief deurlaatbare membraan vergelyk, wat inligting oor taalgrense medieer volgens heersende ideologieë. Dit wat gekies word vir oordrag oor 'n taalgrens en dit wat uitgefiltreer word, is dus ideologies reflekterend.

In die 19de eeu is Suid-Afrikaanse vertaling oorheers deur Bybelvertalings in die Bantoetale en vertaling in ander genres was baie beperk. Hierdie situasie het drasties verander na die ontstaan van Afrikanernasionalisme aan die begin van die 20ste eeu, wat grootskaalse Afrikaanse vertaling gestimuleer het. Gesaghebbende Westerse literatuur, die Bybel en amptelike diskoers is vir vertaling geselekteer om die status van die Afrikaanse taal en kultuur te bevorder. Vertaling het onder die nasionalistiese stimulans ook 'n uitsluitende funksie gehad. Literatuur in die plaaslike Bantoetale en ander Afrikatale is genegeer ten gunste van Westerse literatuur. Boonop is onderdrukkende magsverhoudinge sigbaar

in die paar gevalle waar Afrikaliteratuur wel vertaal is in Engels of Afrikaans, of andersom, deur middel van die selektiewe representasiewyse. Onderdrukkende vertaling is veral onder Bantoe-onderwys en by Radio Bantoe toegepas.

Vertaling is egter ook deur versetideologieë gestimuleer. Die vertaalaktiwiteite van die koerant *Indian opinion*, waarvan Gandhi redakteur was, is 'n voorbeeld van die gesagsondermynende gebruik van vertaling om die Satyagraha-ideologie (die Indiese ekwivalent van lydelike verset) te bevorder onder Natalse Indiërs. Sol Plaatje se Shakespeare-vertalings in Tswana word ook tans as 'n tipe versetvertaling gesien, aangesien dit die status van die Tswana taal ten toon gestel het in reaksie teen Afrikataalondermyning. Die kragtigste vorm van versetvertaling het egter gestam uit die werk van die Afrikaanse skrywers van die *Sestiger* beweging, wat hulle versetliteratuur teen die Afrikaner Establishment in Engels vertaal het om sensuur te ontsnap en hulle rewolusionêre boodskap uit te dra. Uit Engels is hulle werk grootskaals in veral Europese tale vertaal in 'n groot uitwaartse vertaalbeweging, waaraan 'n groep Engelse Suid-Afrikaanse versetskrywers ook grotendeels deel gehad het. Hierdie neiging het 'n interne ideologiese liberalisering aangedui, wat druk op die regering uitgeoefen het om te transformeer. Die wisselwerking tussen vertaling, mag en ideologie wat hier aangedui is, is van teoretiese en praktiese belang. Teoreties dra dit by tot die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse vertaalteorie en prakties bied dit insigte ten opsigte van die rol wat vertaling tans speel of behoort te speel.

Kort CV:
Maricel Botha het haar akademiese loopbaan in 2007 begin met 'n BA-graad in tale aan die Universiteit van Pretoria met linguistiek, vertaling en Duits as hoofvakke. Daarna het sy honneurs- en meestersgrade in vertaling van dieselfde instansie verwerf, met twee jaar oorsese verblyf in Amerika en 'n jaar vrywillige werk tussenin. Sy het tydens hierdie studies 'n belangstelling in veral die kulturele aspekte van vertaling ontwikkel en haar meestersverhandeling het 'n beskouing van register en dialek in die Engelse vertaling van Elsa Joubert se roman *Die swerfjare van Poppie Nongena* behels. Haar belangstelling in vertaling en kultuur het uitgebrei om die sosiale rol van vertaling te omvat met haar doktorale navorsing. Hierdie navorsing, wat sy in 2018 aan die Universiteit van Johannesburg voltooi het, het gefokus op die geskiedenis van geskrewe vertaling in Suid-Afrika vanuit die perspektief van mag en ideologie en het 'n sosiologiese interpretasie van hierdie geskiedenis behels. Maricel het tussen 2015 en 2017 akademiese geletterdheid en verskeie honneursmodules in vertaling gedoseer by die Universiteit van Pretoria. In hierdie tydperk was sy ook betrokke by UP se skryfsentrum as konsultant en hoofkonsultant. Sy is sedert die begin van 2018 aangestel by die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, waar sy akademiese geletterdheid doseer.

*****

Egiptiese simbole in moderne kultuur: die *ankh* en *Wadjet*-oog

Derick Coetzee, Antieke Studies, UNISA
derick.coetzee@outlook.com

Opsomming:
Ons moderne "Westerse" kultuur is 'n mengsel van baie nasies se kulture wat oor die jare saamgesmelt het. Dit maak moderne kultuur oop vir die idee van "kulturele-lenings" van ander kulture af in 'n poging om die geheimenisse en mistieke terug te bring na dit baie van die "mistieke" van die oorspronklike Europese kulture verloor het. Dit is in die lig van hierdie verskynsel wat dat ons kyk na die antieke Egiptiese simbole van die *ankh* en *Wadjet*-oog in ons moderne kultuur en hoe hul gebruik word teenoor hul oorspronklike gebruik en oorsprong.

Die *ankh* is seker die mees herkenbare van alle Egiptiese simbole In antieke Egipte was dit die hiëroglief vir "lewe" en het alle aspekte van "lewe" en "opstanding" omskryf. In antieke Egipte kom dit amper oral voor, maar veral op plekke waar "lewe" gespreek word, soos in seëninge en op grafte.

Die *ankh* se vorm kom heel moontlik van die bul se torakale vertebra wat dieselfde vorm as die *ankh* het. Die vertebra se ovaal "gat" is gevul met spinale vloeistowwe wat die antieke Egiptenare geglo het die oorsprong van lewe was. Dus het die *ankh* vorm 'n direkte reglynige konneksie met die antieke Egiptiese verstaan van waar "lewe" vandaan kom.

In moderne kultuur is die *ankh* populêr op juwele, tatoeëermerke en klere as 'n simbool van lewe en ouds-kennis. In Egiptiese Christendom het die *ankh* se antieke simboliek en die "lewegewer" en "nuwe lewe" temas van die "Goeie Boodskap" een geword as teken van die Christus. Dit word gewys deur die talle manuskripte en tapisseries wat gevind is in Egipte en die Nabye Ooste.

Die *Wadjet*-oog, of "Oog van Horus" soos baie mense dit ken, is ook 'n baie bekende Egiptiese simbool. Die oog self trek dadelik die kyker se aandag

en wil op ’n dieper betekenis en isoteriese kennis skimp. Dit is ’n kragtige simbool wat baie konnotasies aan verskillende gode/godinne en mites het. Die grootste gebruik van hierdie simbool was as ’n teken van genesing, heel-making, beskerming en krag. Gevolglik, was die teken op medisyne resepte en genesings/beskermings seëninge gesit wat hulle dan krag gegee het. Dit is ook baie gebruik as vorm vir beskermings-amulette wat om die nek of arm gedra is.

Die *Wadjet*-oog word ook op dié manier in ons moderne kultuur gebruik in die vorm van die ☐ wat op baie voorskrifte in die medisinale bedryf voorkom, presies soos die *Wadjet* in antieke Egipte. Dit blyk dat hierdie twee simbole verwant is aan mekaar.

Kunstenaars het ook al baie studies gedoen oor die *Wadjet*-oog, soos Leon Battista Alberti tydens die Renaissance en Fabrizio Clerici uit die 1980's.

Gevolgtrekking: Daar is menigte maniere waarop antieke Egiptiese simbole in ons moderne kultuur ingesypel het. In meeste van die gevalle, veral die *ankh* en die *Wadjet*-oog, word hulle as simbool van die abstrakte en geheimenisvolle/mistieke gebruik, en verryk op so manier ons kultuur deur ryk antieke Egiptiese abstrakte idees in te voer in ons verdunde kultuur.

Kort CV:
Derick Coetzee is in 1991 in Taiwan gebore van sendeling-ouers. In 1996 trek hul Indië toe waar hulle sendelingwerk onder die Tibettane gedoen het en hy 'n liefde vir kultuur en geskiedenis ontwikkel het. In 2006, keer hul terug na Suid-Afrika waar sy pa die Bybel weer in Afrikaans vertaal.

Derick is geskool deur sy ma, wat ’n gekwalifiseerde onderwyseres is, tot en met Graad 11, toe hy vir die eerste keer skool toe is in Mosambiek by die Trichardt School for Christian Education, ’n privaat IEB skool wat deur sy oom en familie bestuur word. In 2009 voltooi hy Matriek as dux leerling.

In 2010 verhuis die Coetzees Pretoria toe waar Derick sy studies in Antieke Midde-Oosterse Kulture begin. In 2012 behaal hy 'n BA-graad in Argeologie & Antieke Midde Oosterse Kulture (*cum laude*), in 2013 BAHons Antieke Midde Oosterse Kulture (*cum laude*) en in 2017, MA Antieke Midde-Oosterse Kulture.

*****

Noodsaaklike onreëlmatighede: 'n Kort bespreking oor die 1964 Cillié kommissie van ondersoek

Emile Coetzee, Dept. Geskiedenis, NWU (Vaaldriehoekkampus)
24117889@nwu.ac.za

Opsomming:
Suid-Afrika is een van die top drie lande met die hoogste misdaadsyfer ter wêreld. Die wanopvatting deesdae is dat dit ’n fenomeen van die teenwoordige tyd is. Die rede vir hierdie wanopvatting is dat Suid-Afrikaanse akademici min aandag aan Suid-Afrika se Misdaad en Gevangenisgeskiedenis gegee het, veral wanneer dit kom by misdaad waarin Suid-Afrikaanse politici betrokke was. Dit is nie net die teenswoordige regime wat deur korrupte maniere met wapenhandelaars, sedert 1993, onreëlmatige kontrakte gesluit het nie, die Nasionale Partyregering het gedurende dr H.F. Verwoerd se tyd ook. Terwyl minister Jim Fouché aan die stuur van die land se verdedigingsdepartement was, het sekere beweerde onreëlmatighede vanuit sy departement en die Suid-Afrikaanse Weermag ten opsigte van wapenaankope bekend geword.

Reeds in 1957 was daar ’n verwagting dat ’n embargo teen Suid-Afrika deur die Verenigde Nasies ingestel sou word wat state sou verbied om wapens, en ander krygstuig, as handelsmiddel met Suid-Afrika te gebruik. Wapenagente, wat verskillende wapen vervaardigende maatskappye verteenwoordig het, wou seker maak dat hulle enige tender vanuit Fouché se departement sou kry wanneer Suid-Afrika afhanklik van hulle sou word om wapens, ammunisie en ander krygstuig te bekom.

In 1963, drie jaar na die Sharpeville insident, is die Wapen-embargo ingestel. Sekere wapenagente, sommige wat onder ’n skuilnaam besigheid met Suid-Afrika gedoen het, was reg om Fouché en sy departement ’n rat voor die oë te draai. Nie almal het uit hierdie krisis, as gevolg van die embargo, hul fortuin gemaak nie. Veral ’n sekere Lionel Schwartz, wat ’n voormalige lid van Hagannah was, het sy ongelukkigheid met die

Departement van Verdediging en die Suid-Afrikaanse Weermag bekend gemaak. Hy het vinnig vyande gemaak in die ondergrondse wêreld van wapenagente en die Nasionale Party regering het nie sy uitsprake waardeer nie. Die Verenigde Party, die hoof parlementêre opposisie, het wel belang gestel in sy aantygings. Vanaf Januarie tot Maart 1964 het die parlementêre opposisie baie druk op die minister van verdediging geplaas om vrae oor Schwartz se aantygings te beantwoord. Fouché moes na dr Verwoerd en staatspresident C.R. Swart draai om hulp. President Swart het toe regter P.M. Cillié genader om ’n kommissie van ondersoek te lei om die beweerde onreëlmatighede te bespreek en te beproef. Cillié het teen Oktober 1964 sy opdrag voltooi en teen Desember sy verslag vir president Swart gegee. Alhoewel die kommissie *in camera* gehou is, is daar ’n volledige stel van 24 volumes in die Universiteit van Johannesburg biblioteek se spesiale versameling. Volumes 1-23 bestaan uit die *verbatim* rekord van die kommissie van ondersoek. Volume 24 bestaan uit Cillié se bevindings.

Hierdie referaat sal kortliks aandui wat die hoofsake van hierdie kommissie van ondersoek was en wat regter Cillié se bevindings oor die beweerde onreëlmatighede was.

Kort CV:
Emile Coetzee is tans ’n junior lektor in Geskiedenis by die Noordwes Universiteit Mafikeng kampus. Hy handig binnekort sy tesis by die einste universiteit se Vaaldriehoekkampus in vir die reg om ’n Meestersgraad in Geskiedenis te verwerf. Sy tema is oor die 1964 kommissie van ondersoek oor beweerde onreëlmatighede in die Suid-Afrikaanse Weermag en Departement van Verdediging. Sy studieleiers is prof. Johann Tempelhoff en dr. Jan-Ad Stemmet (UV).

Hy het 'n BA-graad met hoofvakke in Argeologie en Geskiedenis by die Universiteit van Pretoria voltooi. Daarna het hy 'n honneurs-graad in Geskiedenis en ’n Nagraadse Diploma in Museum en Erfenisbestuur by dieselfde universiteit verkry. Tans is hy ook besig om die inhoud te skryf vir die slimfoon toep, Road Trip RSA. Hierdie toep vertoon aan die gebruiker waar die besienswaardighede van Suider-Afrika geleë is. Emile Coetzee het ook sy eie potgooi-reeks oor Suid-Afrikaanse Geskiedenis en Erfenissake op Eensgesind.com. Afgesien van sy akademiese publikasies, skryf Emile Coetzee ook kortverhale. Sy nuutste werk kan op Litnet gevind word. Onlangs het hy sy navorsing oor onder-korporaal Wijnand “Vic” Hamman publiseer en as gevolg van dié biografie oor Hamman, die kans gekry om die eerste argeologiese projek oor die Eerste Wêreldoorlog saam met prof. Anton van Vollenhoven te voltooi. Die projek wou bepaal wat in Hamman se graf in Lichtenburg te vinde was deur middel van ’n digitale skandeerder. Emile Coetzee beoog om met sy navorsing vir 'n Ph.D. in Geskiedenis kort na die afhandeling van die MA-graad te begin.

*****

HG Stoker se 'Wysbegeerte van die Skeppingsidee'

Victor Correia, Dept. Religieuse Studies, Unisa
victor@akademia.ac.za

Opsomming:
Teenoor die modernistiese nihilisme wat die werklikheid as sinneloos beskou en uitloop in die hedendaagse materialisme, hiperindividualisme en onbegrensde keusevryheid, staan Stoker se opvatting van die werklikheid in skrille kontras. Die werklikheid is by HG Stoker nie leeg en sinloos nie, maar eerder ryk en vol betekenis.

Ten diepste was die werklikheid vir Stoker 'n skeppingswonder van God. Die wyse waarop skynbare teenstrydighede in werklikheid saamhang was vir Stoker nie 'n paradoks nie, maar 'n hiperdoks. Verwondering oor die werklikheid as 'n skepping van God bied dus 'n heerlike invalshoek om die skeppingsfilosofie van Stoker te benader.

Stoker wil met sy diafanerotiese metode die werklikheid self laat spreek en eerder as om die mens se denkkategorieë aan die werklikheid op te dring, dit laat hoor. Stoker identifiseer ten minste vier kosmiese dimensies, naamlik die van modaliteite, gebeurtenisse, individuele en sosiale strukture en waardes. Elkeen van die kosmiese dimensies verteenwoordig 'n universele blik op die werklikheid.

Modaliteite verwys na 'n vaste bestaanswyse van dinge. Stoker identifiseer twaalf modaliteite. Vir elke bestaanwyse van 'n modaliteit is daar ook 'n wet wat daarvoor geld, asook 'n bepaalde rangorde vanaf die laagste na die hoogste modaliteite.

Buiten die vaste aard van die werklikheid meen Stoker dat daar ook 'n dinamiese kant van die werklikheid is. Stoker bespreek in die opsig die rol van oorsaak en doel en kom tot die gevolgtrekking dat alle gebeurtenisse in die werklikheid teleïes (teleologies) bepaal is.
Geskiedenis is, volgens Stoker, sinvolle vorderingsgang. Geskiedenis moet nie poog om die verlede te verabsoluteer nie (represtinasie) of die toekoms

blindelings na te jaag nie (progressiwisme), maar eerder om reformatories die goeie uit die verlede te behou en daarop voort te bou.

Stoker erken naas die individuele struktuur van die werklikheid ook ’n sosiale struktuur. By Stoker is die sosiale ’n wesenlike kenmerk by plante, diere en mense en selfs moontlik by atome. Die sosiale is by Stoker nie herleibaar tot die mens se individualiteit nie, maar ’n ewe fundamentele deel van menswees. Die mens is by Stoker ewe fundamenteel ’n individu sowel as ’n sosiale wese en het in beide hoedanighede ’n roeping van God ontvang.

Die laaste maar mees fundamentele kosmiese dimensie is die dimensie van waardes. Vir Stoker was waardes nie iets waarvolgens die mens sy lewe moes inrig nie, maar eerder iets wat indirek verwesenlik word deur die mens se roeping op aarde te verwesenlik.

Die kosmiese dimensie van waardes het in besonder te doen met die stryd van die lig teen die duisternis. Waar die mens by herhaling ’n bepaalde waarde/onwaarde te toon stel kan dit ook deel van ’n mens se karakter word. Waardes het by Stoker ’n onafhanklike bestaan van die mens en word dus nie subjektiwisities deur die mens geskep nie.

Kort CV:
Victor Correia het ’n MDiv graad in Teologie en ’n Meestersgraad in Filosofie (Mphil cum Laude) met ’n fokus op universiteitsidee, aan die Noordwes-Universiteit verwerf. Hy is tans besig met ’n doktorsgraad oor die filosofie van HG Stoker. In 2017 het hy by die jaarlikse Simposium van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ’n voordrag gelewer oor Stoker se samelewingsfilosofie. Hy was voorheen verbonde aan Aros, waar hy vir vier jaar die vakke Navorsingsmetodiek, Bybelkunde en Filosofie gedoseer het. Hy het ook populêre artikels in Maroela Media, Standpunte en enkele ander plekke gepubliseer. Hy is tans verbonde aan Akademia waar hy Filosofie, Etiek, en Bedryfsetiek doseer.

*****

'n Studie oor die aktiveringsproses van die mentale leksikon van tweetaliges, vertalers en tolke

George de Bruin, Departement Tale, Kulturele Studies en Toegepaste Linguistiek, Universiteit van Johannesburg
george@classicmail.co.za

Opsomming:
Hierdie studie ondersoek die aktivering van die mentale leksikon van drie tipes tweetaliges, naamlik die algemene tweetalige, die professionele vertaler en die professionele tolk. Dit ondersoek veral of aktivering taalselektief (onder normale omstandighede is slegs die taal in gebruik geaktiveer, en die ander taal heeltemal gedeaktiveer) of taalnieselektief is (beide tale is aktief, maar die een nie tans in gebruik nie tot 'n minder mate).

Vorige navorsing is, sover dié navorser kon vasstel, beperk tot enkele woorde (meestal intertalige homograwe en kognate) wat in sinne ingebou is. Met dié studie het die navorser die navorsingskonteks van woordvlak na sinsvlak te verryk: Volledige Afrikaanse/Engelse homografiese en kognaatsinne is gebruik pleks van geïsoleerde woorde in sinsverband. Die studie het ook die mate van taalnieselektiewe aktivering in algemene tweetaliges met dié van professionele vertalers en professionele tolke vergelyk.

Respondente moes sinne hardop lees wat een ná die ander op 'n rekenaarskerm gewys is. Die volgorde van dié sinne het respondente gedwing om ten minste een van hul tale (Afrikaans of Engels) te aktiveer deur van eentalige sinne gebruik te maak. Dié eentalige sinne is gevolg deur fokussinne, wat in die teenoorgestelde taal opgestel is. Fokussinne was óf eentalige sinne, óf imperfekte kognaatsinne met 'n ooreenstemmende ortografie as die aangewakkerde taal, maar was slegs

in die teenoorgestelde taal moontlik in terme van betekenis of grammatika. Respondentreaksie met die lees van die sinne is dan as óf taalselektief (as respondente nie hul "fout" besef het en hulself gekorrigeer het deur die sin in die "korrekte" taal te lees nie), óf as taalnieselektief (wanneer respondente wel die ander taal herken en hulself gekorrigeer het), óf onbepaald (as nóg 'n taalselektiewe, nóg 'n taalnieselektiewe reaksie sonder twyfel aangeteken kon word).

Bevindinge ondersteun die taalnieselektiewe teorie in geval van respondente wat aan die studie deelgeneem het, en dié bevindinge kan in terme van bestaande modelle van leksikale aktivering in tweetaliges verduidelik word. Daar is ook 'n hoër mate van taalnieselektiewe aktivering waargeneem in professionele vertalers en professionele tolke wat aan die studie deelgeneem het, vergeleke met gewone tweetaliges wat aan die studie deelgeneem het.

Bykomend tot dié bevindinge, blyk sekere veranderlikes 'n invloed op taalnieselektiewe aktivering te hê. Dié veranderlikes – wat geïdentifiseer is deur inligting vanuit die vraelyste te vergelyk met die resultate van die eksperimentele taak – sluit akademiese en professionele kwalifikasies in, asook die akkreditasiestatus van professionele vertalers en tolke, en die rigting(s) waarin hulle werk. Die ouderdom waarop die tweede taal bemeester is, mag ook 'n moontlike bydraende faktor tot taalnieselektiewe aktivering te wees.

Kort CV:
George de Bruin het pas 'n meestersgraad in toegepaste linguistiek (cum laude) aan die Universiteit van Johannesburg voltooi. Hy het ook 'n honneursgraad in toegepaste linguistiek (cum laude) aan dieselfde universiteit voltooi en is as beste honneursstudent in sy jaargroep aangewys.

George het sy professionele loopbaan in 1996 as kommunikasiepraktisyn begin, en was verantwoordelik vir die opstel van jaarverslae, voordele-en-inligtingsgidse en ander gedrukte media. Ná bykans 20 jaar in die bedryf het hy egter op 'n loopbaan in taalpraktyk besluit. Hy is tans 'n voltydse taalpraktisyn wat in redigering en vertaling tussen Engels en Afrikaans spesialiseer. Hy tree ook soms as tolk by werkskonferensies op, waar hy meestal van Afrikaans na Engels tolk.

Hy het reeds in sy vroeë skooljare 'n liefde vir tale ontwikkel, en benewens Afrikaans en Engels ook Duits tot op Graad 12-vlak bestudeer. Sy voorgraadse studies aan die Universiteit van Pretoria het benewens Afrikaans ook Klassieke Grieks en Hebreeus ingesluit.

*****

Wan- en weldade: na 'n nuwe artikulasie van skuld en die verlede

Daniel du Plessis, Publiekreg, Fakulteit Regsgeleerdheid,
Universiteit van Pretoria
d.duplessis@sakeliga.co.za

Opsomming:
Jong, wit Afrikaanssprekendes bevind hulself in 'n unieke sosio-kulturele posisie na die afloop van Apartheid. In beleid, akademiese diskoers en populêre denke word kollektiewe skuld vir die euwels van die verlede, grotendeels, sonder veel teenstand aanvaar (hoewel op meer en minder opsigtelike wyses). Voortdurend word hul gekonfronteer met onregte en euwels van die verlede – en voortdurend word daar 'n appél op hul geplaas om daarvoor verantwoordbaar te wees. Hierdie plig setel in hulle, sonder dat hul self enige ervaring van misdadigheid beleef het – en, verder as dit, sonder dat hulle ooit by magte was om dit te voorkom. Dit is ook nie moontlik vir hul om deur middel van tydsverloop daarvan afstand te doen nie – die onregte van die verlede word as 'n voortdurende onreg artikuleer. Hul eie misdadigheid is, dus, ook deurlopend in die teenwoordige tyd. Vanweë die aard van hierdie beskouing is selfs tyd tot die nadeel van hierdie putatiewe daders. Daar is deurlopend meer en meer slagoffers van Apartheid en, terselfdertyd, 'n vaer en vaer verband tussen slagoffer en dader. Hierdie jeugdiges word in 'n Kafkiaanse posisie geplaas waar hulle skuldig is aan 'n misdaad maar nóg weet wat dit is, nóg kan ophou om dit te pleeg. Selfs onvoorwaardelike vergifnis is buite hul bereik – wie is, immers, gemagtig om dit te gee? En wie selfs om dit te vra?

Gegewe hierdie beskouing van hul rol, behoort dit ons nie te verbaas wanneer jong Afrikaners meer en meer driftig enige kritiek op die vorige bedeling verwerp nie – nie omdat hul poog om verset te bied vir enige volk of spesifieke politieke leiers nie, maar eerder omdat hul eie regverdigheid

en aanvaarbaarheid van hierdie verlede se regverdigheid en aanvaarbaarheid afhang. Deur hul ongenaakbaar gebonde te hou aan die verlede se gebeure, forseer die bestaande bedeling hulle om saligheid te bewerkstellig op die enigste manier tot hul beskikking: om vir verlede te red.

Dit is nie toevallig dat hierdie ontologiese angstigheid gelykklinkend is aan Heidegger se begrip van *geworfenheit* nie – juis omdat hierdie situasie die arbitrêre verband tussen die hede en verlede in *dassein* so volmaak vergestalt. Lede van die mensdom, ongeag ras of geslag, kom almal in die wêreld in met die individuele omstandighede wat daarmee gepaardgaan. So het geeneen insette in sy ras, geslag, geleenthede of genetiese herkoms nie – en dit is juis uit hierdie arbitrêre faset van *dassein* waarin putatiewe dader en putatiewe slagoffer hul redding kan vind van die rolle waarin hul hulself bevind. Nuwe etiese pligte kan gevind word, gegrond nie soseer op reeds-gedane sake van die verlede nie, maar uit 'n nuwe, lewendige verhouding wat kan ontstaan tussen die wat aan die *geworfenheit* onderwerp is – en dit is juis deur die bewustheid van die arbitrêre aard van hul posisies dat gewese slagoffer en gewese dader werklik weer beheer daarvan kan neem.

Kort CV:
Daniel du Plessis gaan tot 2011 by die Afrikaans Hoër Seunskool, Pretoria skool. In 2012 skryf hy in vir sy voorgraadse studies in regte aan die Universiteit van Pretoria, voltooi in 2015. Vanaf 2013 tot 2016 voltooi hy ook 'n BA (Tale) graad met Engels en Latyn as hoofvakke. Daniel se nagraadse studies neem 'n aanvang in 2016, waartydens hy inskryf vir 'n LLM in mediese reg en bio-etiek, wat in 2017, na aanvanklike eksaminasie, opgradeer word na 'n LLD. Daniel is tans nog, in hierdie hoedanigheid, 'n student aan die Universiteit van Pretoria. Daniel het sedert 2013 vir die Universiteit van Pretoria gewerk as, onder meer, tutor, akademiese medewerker en die assistent-redakteur van die De Jure, 'n algemene regsjoernaal. Hy werk sedert Oktober van 2018 as 'n regsanalis by Sakeliga, 'n nie-regeringsorganisasie wat hom beywer vir die belange van die sakesektor in Suid-Afrika. Daniel is die medestigter en voormalige voorsitter van die Universiteit van Pretoria debatsvereniging, AGENDA debat OSW en is tans een van die gereelde paneellede op Podlitiek, 'n Afrikaanse podsending wat kommentaar lewer op die Suid-Afrikaanse politiek.

*****

Die implementering van ’n professionele ontwikkelingsprogram in stralingveiligheid vir werknemers van kleindier veterinêre praktyke

Cornelia Hanekom, Dept. Opvoedkunde, UP
cornelia.hanekom@up.ac.za

Opsomming:
In studies wat wêreldwyd onder verskeie mediese beroepe gedoen is, is gevind dat stralingveiligheid in baie mediese omgewings nie na behore toegepas word nie. Die vernaamste redes wat hiervoor aangevoer word, is dat sommige voorgraadse kursusse, vir algemene mediese beroepe, nie voldoende aan die belangrikheid en toepassing van stralingveiligheid aandag gee nie. Die tweede rede is dat algemene stralingwerkers in baie gevalle geen opleiding of deurlopende voortgesette onderrig in die toepassing van veiligheidspraktyke in die werkplek kry nie. Daar is ook gevind dat persone gemoeid met stralingwerk in heelwat gevalle nie oor die nodige kennis beskik om verantwoordelikheid te neem vir hulle eie veiligheid, nog die veiligheid van hul pasiënte nie.

Globaal is daar wetgewing wat stralingveiligheidsvereistes beskryf en toepas. In Suid-Afrika is daar soortgelyke wetgewing, die Wet op Gevaarlike Stowwe en die Wet op Beroepsveiligheid en -gesondheid. Die Departement van Gesondheid in Suid-Afrika gee ook regulasies in verband met stralingsveiligheid. Die toepassing van hierdie wette en regulasies word egter nie gereguleer en afgedwing in die veterinêre en tandheelkundige omgewings in Suid-Afrika nie. Op grond van persoonlike ervaring in privaat veterinêre praktyke en informele gesprekvoering met veeartsenykunde studente, kan ’n moontlike afleiding gemaak word dat wetgewing nie ten alle tye toegepas word nie.

In die era van snel veranderende mediese tegnologie, het x-straalproduserende toerusting, asook veiligheidsaspekte daaraan verbonde, ontwikkel en verander. Die moontlikheid bestaan dat veeartse

en hul werknemers nie behoorlik toegelig of opgelei is in verband met veranderde veiligheidspraktyke nie. Dit noodsaak die behoorlike opleiding van stralingwerkers.

Die fokus van my studie val op professionele ontwikkeling. In die eerste plek, my persoonlike professionele ontwikkeling wat betrekking het op my onderrigpraktyk en ontwikkeling as lektor. Tweedens die ontwikkeling en bemagtiging van veterinêre werkers. Ek stel dit my ten doel om ’n wetenskaplik-gefundeerde nie-formele kurrikulum wat op stralingveiligheid fokus, saam te stel en te ontwikkel. Die doel met die program is om veterinêre werkers se kennis en toepassing van stralingveiligheidsbeginsels te verbeter en ’n stralingveiligheidskultuur te skep.

Die innoverende navorsingsidee omsluit die bestudering van die toepassing van relevante leerteorieë en beginsels van volwasse leerders waaronder sosiale konstruktivisme, andragogie en die heelbreinleermodel vir die ontwerp, ontwikkeling en implementering van ’n nie-formele professionele ontwikkelingsprogram vir veterinêre stralingswerkers.

Deur middel van aksienavorsing sal ek deurlopend reflekteer en besin oor my ervaring rakende die implementering van die program. Die fokus word op my fasiliteringstrategieë geplaas en die veterinêre werkers wat die program bywoon se motivering om ’n stralingveiligheidskultuur te skep. Waarneming van positiewe veranderinge ten opsigte van stralingpraktyke is ’n integrale deel van die aksienavorsingsproses.

Die primêre navorsingsvraag lui: Watter bewyse, indien enige, kan ek lewer dat die implementering van ’n wetenskaplik gefundeerde informele professionele ontwikkelingsprogram bygedra het tot die vestiging van ’n stralingsveiligheidkultuur? Hierdie vraag word ondersteun deur die volgende sub-vrae:

1. Wat is die persepsie van veeartse ten opsigte van die kweek van ’n stralingveiligheidskultuur binne ’n veterinêre milieu / praktyk?
2. Watter opvoedkundige konsepte of praktyke het ’n beduidende bydrae gelewer tot die professionele ontwikkeling van deelnemers aan die program?
3. Wat was die bydrae van aksienavorsing tot my professionele ontwikkeling?

Die vooruitsig om veterinêre werkers te bemagtig en bewus te maak van veilige stralingspraktyke wat tot voordeel van hulself asook van hulle pasiënte strek, maak my opgewonde en motiveer my om hierdie voortgesette ontwikkelingsprogram te ontwikkel en te implementeer.

Kort CV:
Ek is gebore en getoë in die Vrystaat. Matrikuleer in 1990 aan die Hoër Landbouskool Kroonstad en studeer Diereverpleging by die Universiteit van Pretoria, Fakulteit Veeartsenykunde.

Na afloop van my studie werk ek as diereverpleegster by die Onderstepoort Veterinêre Akademiese Hospitaal. Na ongeveer 10 jaar verlaat ek UP en betree die privaatsektor. Gedurende hierdie periode doen ek ondervinding op in verskeie aspekte van diereverpleging. Ek werk as algemene verpleegster en later as teatersuster in twee dierehospitale asook as ’n laboratoriumassistent in ’n andrologie laboratorium in Pretoria. Ek spandeer ook tyd in die industrie as produkverteenwoordiger. Sedert 2014 is ek weer in diens van die Universiteit van Pretoria, Fakulteit Veeartsenykunde, Departement Geselskapdier Kliniese Studies as Kliniese Lektor in Radiografie.

Gedurende die tyd in die privaatsektor studeer ek verder aan die Afrikaanse Protestantse Akademie en behaal ’n BA graad in 2009. Gedurende 2010 voltooi ek die Nagraadse Sertifikaat in Hoër Onderwys en in 2016 ’n BEd Honneurs graad aan die Universiteit van Pretoria. Tans is ek besig met die voltooiing van ’n MEd met die titel: Die implementering van ’n professionele ontwikkelingsprogram in stralingveiligheid vir werknemers van kleindier veterinêre praktyke.

*****

'n Studie oor die invloed van Gabriel Marcel op Paul Ricoeur se hermeneutiese fenomenologie

Zander Janse van Rensburg, Skool vir Filosofie, Noordwes-Universiteit
zander.jansevanrensburg@nwu.ac.za

Opsomming:
Paul Ricoeur is een van Frankryk se prominentste filosowe. Sy hermeneutiese fenomenologie se reikwydte strek so wyd as teologiese hermeneutiek, filosofie van religie, politiese- en sosiale wetenskappe, regsleer en taal- en literatuurstudies. Die gevolg van Ricoeur se metodiek kan geïllustreer word deur dat sy hermeneutiese fenomenologie wat selfs in akademiese velde soos verpleegkunde en statistiese data analise, om 'n paar te noem, gebruik word. Dié is as gevolg van die moontlikhede wat in sy unieke hermeneutiese metodiek omsluit is.

Die kern van sy hermeneutiese fenomenologie funksioneer op die beginsel van simpatieke verbeelding wat die mens in 'n unieke posisie plaas om die wêreld in en om hom-/haarself te interpreteer. Met ander woorde, die interpretasie verleen vir die mens 'n instrument om fenomene in die werklikheid te interpreteer deur middel van verskeie vorme van mediasie, naamlik simbole. Hieruit spruit Ricoeur se bekende gesegde, “Symbol gives rise to thought”.

Die eerste stel vrae wat dus deur die projek gestel kan word, is wat is die essensie van Ricoeur se hermeneutiese fenomenologie, hoe dit in die besondere funksioneer, en verder hoe hy dit ontwikkel het. Deur middel van die ondersoek ontdek ons saam met Ricoeur sy bekendste temas en om dit sodanig met meer diepte te verstaan en die implikasies wat dit voorhou vir ander vakgebiede en selfs die herinterpretasie daarvan in vraagstukke wat sy voorgangers, hyself en sy studente gestel het.

Om te illustreer hoe Ricoeur se vroeë en laat ontwikkeling plaasgevind het, is die studie genoodsaak om ondersoek in te stel in die volgorde hierbo. Die kritiese ondersoek vra dus eerste wie Ricoeur se grootste invloede was, hier kan Ricoeur se vraag gevra word *D'ou parlez-vous?*, losweg vertaal as, "vanwaar af praat jy?". Alhoewel die kwessie van Ricoeur se ontwikkeling dikwels vereenselwig word met dié van fenomenologie van Edmund Husserl word Ricoeur se lewenslange mentor, Gabriel Marcel, in die groter spektrum op die agtergrond geplaas. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat Ricoeur nie 'n sistematiese handeling bewerkstellig oor Marcel se werk nie, Ricoeur maak ook nie prominente verwysings na moontlike invloede van Marcel nie. In Ricoeur se handelinge, veral met sy eerste groot werk *Freedom and Nature: The Voluntary and Involuntary* wat aan Marcel opgedra is, kan ons aflei dat hy 'n merkwaardige ontsag vir hom gehad het. Daar is momente oor hoe Ricoeur, Marcel se metodiek aanneem en dan verder ontwikkel deur Husserl se fenomenologie.

Ricoeur se vermoë om verskillende metodologiese sisteme, naamlik Marcel se sogenaamde eksistensiële fenomenologie en Husserl se idealistiese fenomenologie, se sinergie te vind, is 'n goeie tentoonstelling van die moontlikhede waarop sy filosofie toegepas kan word om horisonne in enige vakgebied te verbreed.

Kort CV:
In die jaar 2010 het Zander Janse van Rensburg geregistreer by die Noordwes Universiteit (NWU) as 'n student in Teologie, wat hy etlike jare daarna met lof slaag. Gedurende sy teologiesestudies kom hy in aanraking met sy geliefkose vakgebied filosofie, waarna hy toe 'n honneursgraad met lof slaag. Sedertdien is hy geregistreer as 'n meesterstudent by die Skool vir Filosofie aan die NWU. Hy spesialiseer in hermeneutiese fenomenolgie veral met betrekking op die filosofie van Paul Ricouer en Gabriel Marcel. In loop van sy studies is hy aangestel as die bestuurder van die Skryfsentrum op die NWU, Potchefstroomkampus, en beampte vir akademiese integriteit van die NWU in geheel.

*****

Die verhouding tussen belegging in Informasie en Kommunikasie Tegnologie (IKT) en wiskunde prestasie

Guillaume Kruger, Fakulteit Opvoedkunde, Universiteit van Pretoria
krugergm@gmail.com

Opsomming:
Sedert 1995 neem Suid-Afrika deel aan vyf herhalings van die *Trends in Mathematics and Science Study* (TIMSS) wat deur die *International Association for the Evaluation of Educational Achievement* (IEA) gereël word. Deelname aan TIMSS help lande om 'n konsekwente oorsig van hul onderwysstelsels te verkry. Ten spyte van talle intervensies, groot bedrae geld wat op onderwys spandeer word, en graad 9 leerders wat deelgeneem het aan die Graad 8 TIMSS assesserings, was Suid-Afrikaanse leerderprestasie steeds onder die laagste ter wêreld.

In Suid-Afrika blyk die verwagting te wees dat die integrasie van IKT in skole onderrig kan ondersteun, leerder vaardighede kan verbeter, leerders kan voorberei vir 'n inligtingsamelewing, en lei tot verbeterde onderwys in die land. Die druk om meer te doen met minder hulpbronne is 'n daaglikse werklikheid in Suid-Afrikaanse skole en die idee dat 'n eenmalige belegging in IKT hierdie druk kan verlig, blyk rede genoeg te wees vir onderwysleiers om die integrasie van IKT in skole te ondersteun.

Die navorsingsvrae van hierdie studie was in reaksie op berigte van groot bedrae geld wat spandeer is op die vestiging van IKT in skole, en anekdotiese verslae wat beweer dat die intergasie van IKT in skole weinig invloed het op verbeterde leerderprestasie. Die navorsingsvrae was:
Navorsingsvraag 1: Wat is die verhouding tussen die belegging in IKT in Suid-Afrikaanse skole en die wiskundeprestasie van die Graad 9-leerders wat aan TIMSS 2011 en 2015 deelgeneem het?

Navorsingsvraag 2: Hoe kan die integrasie van IKT in Suid-Afrikaanse skole verbeter word om 'n verhoogde opvoedkundige opbrengs op belegging te toon?

Leerderprestasie in skole word beïnvloed deur verskeie elemente. Die TIMSS studies gebruik konteksvraelyste om data in vier navorsingsareas te versamel, naamlik die wiskundekurrikulum, die skoolkonteks, die opvoeder agtergrond, en die leerder agtergrond. Die TIMSS konteksvraelyste hou verband met vier opvoedkundige doeltreffendheidsfaktore in die *Dinamiese Model van Opvoedkundige Effektiwiteit* deur Creemers en Kyriakides, naamlik kontekstuele faktore, skoolverwante faktore, klaskamer en opvoederverwante faktore, en leerderverwante faktore. Gevolglik is 'n aanpassing van die Dinamiese Model gebruik as konseptuele raamwerk.

Die data is afkomstig van die TIMSS 2011 en 2015 assesserings. Die studie het 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering gevolg en doelgerigte steekproefneming is gevolg. Die oorspronklike TIMSS navorsingsontwerp het 'n verteenwoordigende steekproef van alle Suid-Afrikaanse leerders verseker.

'n Sekondêre data-analise van IKT-verwante veranderlikes wat in beide die TIMSS 2011 en 2015 Graad 8 konteksvraelyste voorgekom het is gevolg om 'n kwasi-longitudinale siening van die veranderlikes te verkry. Beskrywende en inferensiële statistiese ontledings is gebruik om die verband tussen die veranderlikes en wiskunde prestasie te ondersoek. Die beskrywende statistiese analise is in grafiese formaat per provinsie aangebied. Die inferensiële statistiese analise het bestaan uit die berekening van die statistiese betekenis van die gemiddelde verskil in wiskundeprestasie tussen 2011 en 2015 deur t-toetse van die verskille te bereken en die ooreenstemmende p-waardes te bereken.

Die bevindings van die studie dui op 'n afname in die beskikbaarheid van IKT in Suid-Afrikaanse skole tussen 2011 en 2015. Daar is ook gevind dat selfs in skole waar IKT beskikbaar was, dit selde gebruik is. Terselfdertyd het graad 9 deelnemers 'n toename in die gebruik van IKT vir skoolwerk buite hul skoolomgewing rapporteer. Ten spyte van 'n toename in IKT-verwante opvoeder professionele ontwikkelingsaktiwiteite, het die aantal opvoeders wat IKT vir wiskundeonderrig en -leer gebruik, afgeneem. Die navorsingsresultate suggereer dat opvoeders nie IKT optimaal gebruik en implementeer nie.

Die studie het gelei tot die ontwikkeling van 'n model vir die verbeterde integrasie van IKT in skole. Die model lei die implementering en integrasie van IKT in skole deur die indentifikasie van verskillende sones van impak, die betrokke rolspelers, asook die kurrikulumverwagtings. Die voorgestelde *IIIA-model vir die integrasie van IKT in skole* is gebaseer op 'n aanpassing van die Dinamiese Model en die TIMSS-kurrikulummodel.

Kort CV:
Guillaume Kruger het sy loopbaan as laerskool onderwyser in 1996 in Pretoria begin. As wiskunde onderwyser sien hy die voordele van die gebruik van tegnologie in onderrrig en leer raak en begin dit in sy klasse gebruik. In 2000 skryf hy hom in vir 'n BEd(Hons) in Rekenaargesteunde Onderrig aan die Universiteit van Pretoria, gevolg deur 'n MEd in Rekenaargesteunde Onderrig in 2002. Hy verkry beide kwalifikasies Cum Laude. In 2002 word hy aangestel as Departmentshoof Rekenaars en beywer hom vir die integrasie van tegnologie in leerareas in die intermediëre fase.

In 2005 word hy aangestel as instruksionele ontwerper by die Tshwane Universiteit van Tegnologie (TUT). Hier is hy verantwoordelik vir die ondersteuning aan dosente wat tegnologie in hulle lesings gebruik. Hy kry ook die eerste keer te doen met eLeer en die ontwikkeling en gebruik van aanlyn "klaskamers". Hy bestuur ook die *Partners@Work* program wat hom beywer vir die bemagtiging van TUT dosente in aanlyn kursusontwikkeling en -fasilitering.

In 2009 word hy aangestel as Direkteur: eLeer by die National School of Government (NSG). Die NSG eLeer eenheid ondersteun die implementering van tegnologie vir kapasiteitsontwikkeling in die Suid-Afrikaanse staatsdiens. Die eenheid ondersteun tans ongeveer 40 000 studente van oor die hele Suid-Afrika in 'n aantal aanlyn kursusse.

Dit is egter moeilik om die onderwys uit jou bloed te kry en in 2015 skryf Guillaume hom in vir 'n PhD in Rekenaargesteunde Onderrig aan die Universiteit van Pretoria. Die studie, getitel *The relationship between investment in technology and mathematics achievement*, poog om 'n moontlike verband tussen tegnologie en wiskunde prestasie te identifiseer. Hy ontvang sy PhD in Rekenaargesteunde Onderrig in September 2018.

*****

Die effek van Marx en Fanon op identiteit en verantwoordelikheid in hedendaagse kwessies van sosiale geregtigheid

Pierre Muller, Skool vir Filosofie, Noordwes Universiteit
25090178@nwu.ac.za

Opsomming:
Die filosofiese denkwyses van Frantz Fanon en Karl Marx is welbekend onder diegene wat kontemporêre kwessies van sosiale en ekonomiese geregtigheid bespreek. Fanon en Marx se idees, en verskillende uitbreidings daarop het 'n bepalende invloed op die onlangse geskiedenis van verskeie ideologiese bewegings vanaf die welbekende kommunistiese partye tot verskeie strominge van kontemporêre sosiale-geregtigheid groepe.

Kommunisme het met reg uitgewys dat die werkersklas na die industriële revolusie in Europa onderdruk en mishandel is. Kommunisme stel verder as uiteindelike doelwitte die gelykheid van alle mense, dat alle mense sal werk volgens hulle vermoë en op so wyse dat hulle die vrug van hulle werk kan geniet. Tog het kommunisme en Rusland, China en ander dele van die wêreld gelei tot die dood deur die onderdrukking van miljoene mense. 'n Soort gelyke verskynsel kan gesien word in meer kontemporêre bewegings wat fokus op ekonomiese, maar ook op ander aspekte van realiteit. Die besware is algemeen geldig, en die doelwitte aantreklik, maar iewers in die middel ontspoor dinge. Hierdie bydrae ondersoek gevolglik hoe sekere filosofiese vertrekpunte (hoofsaaklik dié van Marx en Fanon) aanleiding tot hierdie tendense gee.

Die essensie van Marx se filosofie wat hier ter sprake is, is sy analise van die samelewing aan die hand van sy *dialektiese materialisme*. In kort stel Marx dat die geskiedenis van die mensdom verstaan moet word aan die hand van ekonomiese verhoudings wat sentreer om beheer van hulpbronne

(insluitend die produksiemiddele). Die filosofie van Frantz Fanon het voortgebou op die van Marx, maar het egter ook elemente van Freud se psigoanalitiese metode en filosofiese antropologie in Marx se ekonomiese filosofie geïnkorporeer. Waar Marx sy analise en teorie beperk het tot hoofsaaklik ekonomiese faktore, het Fanon gefokus op kulturele en psigologiese aspekte. Alhoewel Fanon se analise op ander aspekte van menslike realiteit toegepas word, volg dit basies dieselfde analitiese modus as dié van Marx waarin die vorming en posisie van die individu en breër samelewing gesien word as die produk van dialektiese faktore soos die ekonomiese (Marx), die psigologiese (Freud), of die kulturele (Fanon). Beide Marx en Fanon se filosofieë reduseer die individu, asook die breër samelewing, se keuses en lewens as die noodwendige produk van eksterne faktore. Hierin word die identiteit van die onderdruktes as sodanig onherroeplik vasgevang in die faktore wat aanleiding gegee het tot hulle posisie.

In hierdie referaat word vervolgens geargumenteer deur krities te kyk na inligting verkry vanuit teks navorsing dat die filosofie van Fanon en Marx, soos wat dit deel vorm van menige kontemporêre sosiale geregtigheidsbewegings, vanuit die staanspoor 'n problematiese verstaan van verantwoordelikheid en agentskap skep en wat herhalend manifesteer in verskeie teenstrydighede wat oor die lang termyn die realisering van die betrokke beweging se doelwitte ondermyn. Deur die konsep van die vrye wil (die vermoë van 'n persoon om outentieke keuses en maak en uit te voer) totaal te ondermyn, word kern konsepte soos moraliteit en verantwoordbaarheid vernietig of gereduseer tot sosiale konstrukte of illusies. Die verwydering van konsepte soos verantwoordelikheid en moraliteit staan weer lynreg in stryd met die aanvanklike doelwitte en besware waarmee en van waaruit hierdie bewegings ontstaan. Dit is hierdie interne konflik wat oor die langtermyn die beweging self vervorm tot die einste “vyand” waarteen die beweging in die eerste plek ontstaan het.

Kort CV:
Pierre Muller is tans besig met sy meesters-studie in filosofie by die Noord-Wes Universiteit. Die tema van sy meesters-studie is: “Die vrye wil kwessie, verreken vanuit ’n Nie-Reduksionistiese kosmologie”. Hy het sy voorgraadse studie begin in 2014 as Teologiese student (BTh Bybeltale) en na suksesvolle afhandeling van sy B-graad het hy 'n honneursgraad in filosofie begin wat hy in 2017 (cum laude) voltooi het. Hy werk vanaf 2016 as akademiese assistent, en vanaf 2017 as tydelike dosent by die NWU se skool vir filosofie. Hy dien vanaf 2018 as lid van die redaksie vir die opinie-joernaal *Woord en Daad*. Verder is hy in 2018 aangewys as 'n lid van die *Instituut vir Grondslae Ondersoek* se advieskomitee.

*****

'n Nuwe aanslag word benodig tot internasionale kommersiële kontrakte in Suid-Afrika

Michelle Oelofse, Dept. Privaatreg, Universiteit van Pretoria
oelofsemichelle8@gmail.com

Opsomming:
Internasionale privaatreg is 'n onderafdeling van elke land se regstelsel wat regsinteraksie tussen individue en regspersone van een land met partye van ander 'n land reguleer. Daar is nie 'n stel internasionale, uniforme reëls wat reg oor die wêreld geld nie en dus bied dit unieke uitdagings.

Ek het die geleentheid gehad om as uitruilstudent by Leiden Universiteit, Nederland, internasionale kommersiëlereg van nader te bestudeer. Gedurende my uitruil is ek ook gekeur om aan 'n 3 maande internskap by die Hague Conference on Private International Law (HCCH) deel te neem. Dit is by die HCCH wat ek tot die besef gekom het hoe ver agter Suid-Afrika, en Afrika, is aangaande die gebruik van internasionale privaatreg, en meer spesifiek kommersiëlereg, instrumentereg en die groei geleenthede as gevolg hiervan is.

Internasionale handel, en dus die ekonomiese groei wat daarmee gepaard gaan, gaan hand aan hand met ooreenkomste in die reg wat tussen die partye gesluit word. Sulke kontrakte moet deur 'n bepaalde regstelsel gereguleer word. Daar is drie prominente instrumente wat poog om lande se internasionale privaatregreëls meer uniform te maak aangaande die spesifieke saak, naamlik: die Verenigde Nasies se Konvensie vir Kontrakte vir die Internasionale Verkope van Goedere (UN Convention on Contracts for the International Sale of Goods - CISG); die UNIDROIT Beginsels vir Internasionale Kommersiële Kontrakte (UNIDROIT Principles of International Commercial Contracts) en die Haagse Beginsels van die Keuse

van Reg in Internasionale Kommersiële Kontrakte (Hague Principles on Choice of Law in International Commercial Contracts).

Die CISG is 'n bindende stel neutrale regsreëls (nie verbind aan 'n bepaalde land se regstelsel nie) wat 'n internasionale kontrak reguleer, mits die lande waarvan die partye afkomstig is 'n party is tot die konvensie. Daar is tans 89 partye tot die konvensie, wat veral voordele bied aan klein besighede in ontluikende ekonomieë. Suid-Afrika is nie 'n party tot die konvensie nie en loop daarom nie net die geleentheid om besigheideienaars wat internasionaal handeldryf te beskerm en ondersteun mis nie, maar ook die inkomste wat verlore gaan omdat internasionale partye handel met Suid-Afrika vermy vanweë die onsekerheid van watter reg potensiële kontrakte gaan reguleer.

Die UNIDROIT Beginsels bied 'n stel regsreëls wat 'n internasionale kontrak kan reguleer, soortgelyk aan die CISG. Die Haagse Beginsels bied weer riglyne vir die kies van 'n regstelsel en laat die keuse van 'n nie-staat regstelsel soos die CISG of die UNIDROIT Beginsels toe. Die UNIDROIT – en Haagse Beginsels is egter albei nie-bindende instrumente, dit beteken partye is vry om dit as regstelsel of riglyne te kies/gebruik indien so verkies. In Suid-Afrika word daar egter min, indien enigsins, na die twee nie-bindende instrumente verwys, iets waarvan internasionale handelsvennote op 'n daaglikse basis gebruik maak.

Die leemte wat geskep word in die area van keuse van reg in internasionale kommersiële kontrakte deur nie voldoende aandag te skenk aan internasionale instrumente wat ons handelsvennote gebruik nie, is bekommeringswaardig, veral in 'n tyd van stadige ekonomiese groei.

Kort CV:
Michelle is 'n student aan die Universiteit van Pretoria, waar sy haar BCom Regte graad (cum laude) in 2017 voltooi het en is tans besig met haar LLB. Michelle is 'n aktiewe studenteleier met vorige posisies wat insluit Huis Komiteelid van haar koshuis, Uitvoerende Komiteelid van die Tuks Leadership and Individual Program, 'n program waar studente hul tyd bewillig om met hoërskoolleerders uit voorheen benadeelde gemeenskappe te werk, Uitvoerende Komiteelid van die Tuks Voortrekker Groep en Uitvoerende Komiteelid van die Universiteit van Pretoria se Debatsvereniging. Sy dien tans as Voorsitter van die UP Debatvereniging en werk deeltyds as 'n tutor en as administratiewe beampte by 'n risikobestuur-konsultasiefirma. Michelle het die eerste helfte van 2018 in Nederland deurgebring as uitruilstudent by die Leiden Universiteit en ook gedurende hierdie tyd 'n internskap in Den Haag voltooi. Sy is 'n Allan Gray Orbis Foundation beurshouer en is aangewys as een van die GradStar toekennings se Top 10 studente in die land vir 2018, met kriteria wat insluit leierskapvaardighede en werkplekgereedheid.

*****

'n Minimalistiese Analise van Ekspletiewe Negativering in Afrikaans

Jean-Marie Potgieter, Dept. Tale, Universiteit van Stellenbosch
18505813@sun.ac.za

Opsomming:
Die doel van hierdie verhandelin was om ekspletiewe negativering (EN) te ondersoek soos wat dit in Afrikaans manifesteer. Sien byvoorbeeld (1):
(1) *Wat ek nie$_1$ alles geleer het nie$_2$!*
Vyf breë kontekste is geïdentifiseer waarbinne EN kan manifesteer: teenstellende predikaat-konstruksies (met bv. *weier* en *twyfel*), bywoordkonstruksies (met bv. *skaars* en *onmoontlik*), voegwoordelike konstruksies (met bv. *voordat* en *tensy*), negatiewe uitroepe (NE's), en *nee*-konstruksies.

Daar is bevind dat hierdie EN-konstruksies in twee breë groepe verdeel kan word: (i) konstruksies met teenstellende predikate, bywoorde en voegwoorde, wat dien om die semantiese negatiwiteit van die sin te versoen met 'n sintaktiese negatiweerder, en (ii) NE's en *nee*-konstruksies wat dien om bepaalde spreker-hoorder-georiënteerde (d.i. SAP-verwante) funksies te verrig.

Verder is daar ondersoek hoe 36 moedertaalsprekers van Afrikaans EN-konstruksies interpreteer en hoe grammatikaal hierdie konstruksies beskou word. Daar is bevind dat konstruksies met teenstellende predikate en bywoorde slegs marginaal aanvaar is, terwyl NE's en *nee*-konstruksies baie geredelik aanvaar is. Die aanvaarbaarheid al dan nie van die voegwoordelike konstruksies het afgehang van die aantal negatiweerders – konstruksies met beide *nie$_1$* en *nie$_2$* is as baie meer aanvaarbaar geag as dié met slegs *nie$_2$*.

Die formele analises van die EN-konstruksies is gedoen binne die raamwerk van Minimalistiese Sintaksis. Die EN-elemente in NE's en *nee*-konstruksies is volgens die analise dieselfde elemente in die leksikon as dié wat in standaard negativering voorkom, maar met 'n meer gespesialiseerde rol (na aanleiding van die Superstel-beginsel – sien Caha 2009). Hierdie EN-elemente word wel struktureel hoër aangetref omdat hulle spreker-hoorder-georiënteerde funksies verrig.

In teenstelling met die negatiweerders in NE's en *nee*-konstruksies is daar bevind dat die konstruksies met teenstellende predikate of bywoorde wat slegs nie_2 inspan in die manifestering van EN, in die afwesigheid van nie_1 nie met [neg-Pol] verbind kan word nie. Die nie_2-elemente word eerder gewaardeer met [oop-Pol], aangesien [oop-Pol] verenigbaar is met nie-waarheidsgetroue konstruksies.

Kort CV:
Jean-Marie Potgieter behaal in 2016 haar BA-graad (cum laude) aan die Universiteit Stellenbosch, met Afrikaans en Nederlands, Algemene Taalwetenskap, English Studies en Sielkunde as hoofvakke. In 2017 voltooi sy haar BA Honneursgraad (cum laude) in die Departement Algemene Taalwetenskap. In September 2018 is haar MA-verhandeling ingehandig: "'n Minimalistiese Analise van Ekspletiewe Negativering in Afrikaans" onder leiding van prof. Theresa Biberauer.

Tydens haar studie word sewe van haar gedigte in die studentebundel *Penseel* opgeneem en dien sy in die komitee van die Vereniging vir Afrikaansstudente (VER[r]AS). Verder was sy ook in 2016 'n lid van Huis ten Bosch-dameskoshuis se huiskomitee.

In 2017 publiseer sy haar eerste akademiese artikel saam met prof. Theresa Biberauer, getitel "Negative exclamatives in Afrikaans: some initial thoughts". In November 2017 bied sy by die South African Microlinguistics Workshop (SAMWOP) 'n praatjie aan oor haar honneurswerkstuk: "A syntactic account of post-nie_2 elements in Afrikaans negation".

Jean-Marie het in 2017 by die Departement Algemene Taalwetenskap begin werk as tutor en navorsingsassistent en is vanaf 2018 ook 'n deeltydse dosent by die Departement.

*****

Die daarstelling van 'n leeromgewing wat vaardighede benodig vir die 21ste eeu ontwikkel

Ankie Robberts, Dept. Opvoedkunde, UP
ankie.robberts@up.ac.za

Opsomming:
Hoe word 'n leeromgewing geskep wat geskik is om 21ste eeu vaardighede te ontwikkel in studente wat hulleself alreeds tipeer as 21ste eeu inwoners en nie soos hulle instrukteurs 21ste eeu immigrante nie? Die navorsing waarop gerapporteer word, vind plaas in 'n eerstejaar ingenieursomgewing met studente wat as gevolg van hulle finale skooljaar uitslae nie toegelaat is tot die normale 4 jaar ingenieursgraad nie. Die probleem is dat hierdie studente behalwe vir die feit dat hulle verskil ten opsigte van ouderdom, geslag, etniese affiliasie, godsdienstige konnotasies nog verder verskil as hulle akademiese agtergrond in ag geneem word. Sommige studente het nog nooit toegang tot 'n rekenaar gehad nie terwyl ander rekenaarwetenskap of rekenaarstudie as vak op skoolvlak gehad het. Leergeleenthede moet dus gestruktureer wees om vir al hierdie studente geleenthede te bied om 21ste eeu vaardighede te ontwikkel sonder om die minder voorbereide student te ontmoedig en aan die ander kant die beter voorbereide student te verloor omdat hy verveeld is.

In die module hier ter sprake, professionele oriëntering, word gefokus om studente op te lei om suksesvol te kan wees in hulle tersiêre opleiding en ook as professsionele ingenieurs in die werksplek. Die vaardighede benodig kan opgesom word as kommunikasie, kreatiwitiet, spanwerk en kritiese denke. As sodanig moet die leeromgewing aktiewe deelname van studente, wat glo dat hulle alreeds voldoende geskool is vir die uitdagings, verseker. Die leeromgewing word bespreek deur dit te koppel aan bestaande leerteorieë rakende leer deur spel en probleem oplossing as strategie vir aktiewe deelname.

Die navorsing kan gesien word as 'n eksperimentele ontwerp wat na elke iterasie hersien en verbeter word en 'n bydrae lewer ten opsigte van die bestaande teorieë. Data word versamel deur refleksies wat die studente geskryf het na afloop van die semester en fokusgroep onderhoude met die tutore en onderwysassistente betrokke in die kursus. Die ontwerp van die leeromgewing word beskryf as 'n longitunale eksperimentele ontwerp proses. Data ingesamel in 2018 word gebruik om op 'n kwalitatiewe wyse die invloed van die leeromgewing op die ontwikkeling van kommunikasie, spanwerk, kritiese denke en kreatiwiteit te bepaal.

Kort CV:
Ankie Robberts is 'n dosent in Professionele Oriëntering, 'n verpligte module vir eerstejaar ingenieurs in die ENGAGE program by die Universiteit van Pretoria. Na afloop van haar studies in 1984 (BA met wiskunde en Afrikaans as hoofvakke en HOD) het sy ekstra klasse gegee. In 2002 het sy begin werk by die Wiskunde department as dosent vir eerste jaar wiskunde studente op die verlengde BSc program.

Sy is sedert 2010 betrokke by die module wat gerig is op die ontwikkeling van lewensvaardighede wat studente benodig om suksesvol te wees in hulle studies maar ook as professionele ingenieurs. Die ontwerp van 'n leeromgewing waarin studente blootgestel kan word aan die vaardighede wat hulle, in hulle eie oë, beter bemeester as die dosente, was motivering vir 'n Honneursgraad in rekenaar gebaseerde onderrig en 'n Meestersgraad in Opvoedkunde. Aangesien sy onderrig as passie het, is die ontwerp van innoverende leeromgewings 'n taak wat sy elke dag met hernude ywer aanpak.

Sy is tans ingeskryf vir 'n Ph.D waarin sy een van die leeromgewings ontleed ten opsigte van blootstelling aan die lewensvaardighede te wete: kommunikasie, kritiese denke, kreatiwiteit en spanwerk.

*****

Die impak van water en watersisteem ontwikkeling op sosiale ontwikkeling in die antieke Nabye Ooste

Elanij Swart, Dept. Bybel en Antieke Studies, Unisa
nijswart@gmail.com

Opsomming:
Die impak van die kwaliteit van water, asook die beskikbaarheid daarvan, is van groot belang in die wêreld waarin ons leef. Sulke bekommernisse is egter nie net van toepassing op die hede nie, maar strek tot die begin van die mens se permanente vestiging. Met indrukwekkende ontwikkelinge in die antieke Nabye Ooste vind ons belangrike voorbeelde van hoe antieke beskawings water beheer en benut het. Die verhouding tussen die mens en hulle omgewing is kompleks omdat dit verander met tyd. Daar is, byvoorbeeld, 'n punt waar die omgewing tot so 'n mate manipuleer kan word dat kunsmatige gebruike en vervoer van water gebruik kan word vir meer as net basiese behoeftes. Water kan dus dan gesien word as 'n item wat deel vorm van die ongelyke verspreiding van luukshede.

Die belangrikheid van water vir die ontwikkeling van die mensdom was nog altyd bekend en kan gesien word in die legendes van gode, konings en intensiewe beleërings. In die alledaagse lewe van die antieke beskawings soos dié van Mesopotamië, Egipte en Israel, kan voorbeelde van water se rol oor verskeie sosiale klasse ook gesien word in werksverdeling, toegang tot bronne en godsdienstige gebruike. Vrae wat deur die referaat ondersoek word sluit die volgende in: Watter sosiale impak het water sisteem ontwikkeling in die antieke Nabye Ooste gehad? Het hierdie invloed verminder soos water geredelik beskikbaar geword het? Gevolglik fokus hierdie navorsing op die basiese gebruike en sosiale implikasies wat die ontwikkeling van water beheer en gebruike gehad het.

Om vrae soos hierdie te ondersoek, word 'n multi-dissiplinêre benadering gebruik wat velde soos geografie, argeologie en antropologie kombineer.

Kort CV:
Elanij Swart is tans 'n meestersgraadstudent in Bybelse argeologie by die Universiteit van Suid-Afrika. Haar navorsing fokus op die sosiale impak wat water op samelewings van die antieke Nabye Ooste gehad het. Hierdie navorsing is geïnspireer deur huidige waterverwante krisisse wat tot vandag toe van belang is.

*****

Morfologiese evaluerende konstruksies in Afrikaans: van hondmoeg tot koffietjie

Benito Trollip, Skool vir Tale, Lettere en Wysbegeerte,
Noordwes-Universiteit
benmapstieks@gmail.com

Opsomming:
In Afrikaans gebruik taalgebruikers strategieë om evaluasies in hul taal uit te druk. Wanneer ’n persoon nie pertinent sê dat hulle iets beoordeel nie, dui woorde soos *kakdom*, *oeroud*, *karretjie*, *België-Schmelgië* en *rooi-rooi*, sinne soos *Dit gaan ’n lang, warm, sweterige dag wees* of *Gebruik maar my ou pen daar op die lessenaar* en klemtoon soos in *Carl is máér* op ’n mate van beoordeling deur die taalgebruiker. Ek wil spesifiek fokus op woorde en hoe, deur die gebruik van spesifieke woorddele, ’n persoon besig is om die hoorder/leser van ’n sekere opinie te probeer oortuig, soos dat iemand se *4x4'tjie* (verkleiningsaffiks) niemand beïndruk nie, of dat dit *hondkoud* (intensiverende prefiks) is soggens wanneer hulle werk toe ry. Daar is terselfdertyd verskillende vorme vir identiese gevoelswaardes wat aan ’n woord toegeken kan word: ’n mens kry *baie dom/aartsdom/ oerdom/eselsdom/kakdom* wat elkeen beteken 'baie dom'. Verteenwoordig woorddele soos *aarts·* en *oer·* die eindpunt van alle onafhanklike woorde wat begin as aanduiders van intensiteit? Is dit moontlik dat *hond·* sal bly funksioneer as ’n onafhanklike woord én ’n intensiveerder?

Daar is ’n reeks moontlike ander vrae oor hierdie verskynsel: (1) hoe ontwikkel gewone woorde wat in hul 'objektiewe' betekenis so verskil (byvoorbeeld *stok* 2 in *stokblind* en *dood* in *doodgelukkig*) dieselfde betekenis ('baie')?; (2) ontwikkel betekenisuitbreidings as gevolg van een basiswoord waarin die beeldspraak nog relevant is en ’n verklaring sin maak (soos *stokstyf* en *doodsiek*)?; en (3) hoe groot is die rol van konsensus en herhaaldelike gebruik onder taalgebruikers en speel elemente soos woordbou/sinsbou en klank/klem ook ’n rol? Van hierdie vrae is al vir tale

soos Nederlands, Duits, en Engels tot ’n mate beantwoord, maar dieselfde is nog nie op ’n soortgelyke skaal vir Afrikaans gedoen nie.

Uiteindelik wil ek nie kyk óf evaluasies uiting vind in taal nie – dit is vanselfsprekend. Die interessantheid in die verskynsel lê vir my in die perspektief wat dit bring op taalverandering, die moontlikhede wat dit bied om Afrikaanse evaluatiewe taalgebruik deel te maak van die internasionale gesprek oor evaluatiewe taalgebruik, en om uit te vind hoekom ’n mens in Duits kan praat van *saudämlich* 'baie dom/sogdom/so dom soos ’n sog', maar nie in Afrikaans, Nederlands, of Engels nie.

Kort CV:
Ek het my LLB, Honneurs in Afrikaans en Nederlands en MA in Afrikaans en Nederlands aan die Noordwes-Universiteit verwerf. Laasgenoemde se tema is die valensiemorfeem in Afrikaans (soos die *·e·* tussen *perd* en *vleis* in *perdevleis*) en is met behulp van professor Gerhard van Huyssteen (Sentrum vir Tekstegnologie, NWU) en professor Frans Hinskens (Meertens Instituut, Amsterdam) se studieleiding in 2016 ingehandig. Dit is danksy my magisterstudie dat ek die geleentheid gehad het om vir drie maande by die Meertens Instituut in Amsterdam in 2015 te kon werk. Tans is ek ’n PhD-student aan die Noordwes-Universiteit en my navorsingsfokus is op morfologiese evaluatiewe konstruksies in Afrikaans en verwante tale – ek vra hoe gebruikers evaluasies in hul taal inbou en hoe dit verklaar kan word.

In 2016 het ek die geleentheid gehad om ’n derdejaarregsvak (*Language skills in the legal context III*) in die tweede semester by Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus aan te bied. Om mense in ’n openbare domein toe te spreek en abstrakte konsepte te verduidelik is vaardighede wat ek graag en konstant ontwikkel. Ek het so onlangs soos 5-6 Oktober 2018 aan die vyfde *Gents colloquium voor het Afrikaans* gekombineer met die tweede *Afrikaans Grammar Workshop* in Gent in België deelgeneem. Ek is passievol oor die skep van ’n ruimte waarin navorsing vreesloos gebesig kan word.

*****

Mobiele toestelle as 'n leermiddel in hoër onderwys

Mari van Wyk, Tshwane Universiteit van Tegnologie
vanwykm@tut.ac.za

Opsomming:
Die gebruik van mobiele toestelle in die onderwys het onlangs onder die soeklig gekom toe die Franse president, Emmanuel Macron, die verbod op mobiele toestelle in skole gewettig het. In teenstelling hiermee is studente wat aan skole en universiteite studeer, verdiep in 'n digitale wêreld en daarom is dit vir hulle nodig om kundig te wees in die gebruik van mobiele toestelle in die 21ste eeu.

Die beskikbaarheid van mobiele toestelle skep enorme geleenthede vir onderwys, waar toegang tot inligting nou vir almal deur mobiele toestelle toeganklik is. Die neem van notas en die opvoedkundige belangrikheid daarvan is 'n gewilde onderwerp vir navorsing en verskeie artikels is al oor die onderwerp gepubliseer. Die proses van aantekeninge neem word verbind met trefwoorde en frases soos vaslê, herroep, leer, onthou, aandag gee, organiseer, vaslê en die maak van verstaanbare en leesbare aantekeninge. Die dilemma waarmee lektore gekonfronteer word, is dat studente voortdurend aan hul mobiele toestelle verknog is en dit lyk dus die moeite werd om maniere te ondersoek waarop mobiele toestelle vir die neem van aantekening benut kan word, wat ’n positiewe bydra tot studies kan verskaf.

Terwyl oop opvoedkundige hulpbronne al jare lank deel van die hoër onderwysomgewing is, het meer en meer gesprekke die konsep oop praktyk ingesluit. Afgelei van bestaande navorsing, word oop onderwyspraktyk gedefinieer as 'n verskeidenheid van praktyke wat die skep, gebruik en hergebruik van oop opvoedkundige hulpbron gebaseerde pedagogiese praktyke insluit, insluitende tegnologie, sosiale interaksie netwerke, leer in portiergroepe, die skep van kennis en die bemagtiging

van leerders. Die fokus is nie net op dosente nie, maar die aktiewe deelname van leerders word in hierdie definisie ingesluit. Met ander woorde, die voordeel is nie net bedoel vir die student wat dit skep nie, maar ook vir diegene wat dit gaan gebruik.

In hierdie kwalitatiewe studie het agt studente aan 'n Veeartsenykundige fakulteit aan 'n Suid-Afrikaanse Universiteit vrywillig ingestem om die moontlikhede om mobiele toestelle vir die neem van aantekeninge te gebruik, te ondersoek, asook om hul eie opvoedkundige hulpbronne te skep. Deur middel van weeklikse groeponderhoude het deelnemers terugvoering gegee oor hul ervarings tydens die gebruik van mobiele toestelle. Die deelnemers het 'n verskeidenheid toestelle en toepassings gebruik. Deelnemers het self gerapporteer dat hulle nie 'n voorkeur vir een spesifieke tipe mobiele toestel het nie, maar dat hulle al hul inligting op een toestel gestoor wil hê. Hulle het ook aangedui dat hulle die gebruik van kort video's waardevol gevind het. Verrassend genoeg het studente intuïtief saamgewerk om hul opvoedkundige hulpbronne te skep en hulle het die belangrikheid om sulke bronne aan voornemende studente beskikbaar te stel, beklemtoon.

Terwyl die studente aangetoon het dat mobiele toestelle op verskeie maniere as 'n studiehulpmiddel in hoër onderwys gebruik kan word, stel die navorsers in hierdie studie voor dat beleid en prosedures in plek gestel word voor mobiele toestelle heeltemal verbied word. Daarom moet die gebruik van mobiele toestelle eerder bestuur word en die moontlikhede ondersoek word voordat dit as 'n afleiding of verbode toestel beskou word.

Kort CV:
Mari van Wyk het onlangs haar PhD in rekenaargeïntegreerde onderwys aan die Universiteit van Pretoria voltooi. Sy is ook 'n afdelingshoof en dosent in die rekenaar eindgebruikeenheid by die Tshwane Universiteit van Tegnologie. Haar hoofnavorsingsbelange is onderrig met tegnologie, mobiele leer, en tegnologie geïntegreerde leer. Dit sluit beide kruis-institusionele en kruis-dissiplinêre samewerking in. In haar lesse het sy met die gebruik van video's as 'n ondersteuningsinstrument vir studente geëksperimenteer, wat beide aanlyn-en aangesig tot aangesig leer ingesluit het. Haar huidige navorsing in terme van onderrig en leer sluit die gebruik van video's as 'n assesseringsinstrument in asook die moontlikhede van speletjies vir onderwys, insluitende die skep van speletjies vir opvoeding of die gebruik van bestaande speletjies vir opvoedkundige doeleindes.

Sy is twee keer genooi om universiteite te besoek, eerstens die Unitec in Auckland, Nieu-Seeland met die spesifieke fokus op tegnologie geïntegreerde leer, en tweedens die Katholieke Universiteit van Leuven, België, met die fokus op onderwysersopleiding. Sy het verskeie Suid-Afrikaanse en oorsese konferensies toegespreek oor onderwerpe soos video's, die gebruik van mobiele toestelle om notas te neem, notas en aanlynbeginsels om IKT-studente deur middel van leerbestuurstelsels te ondersteun.

In Suid-Afrika is sy betrokke by die skryf van studie-eenhede vir die onderwysskool aan die Universiteit van Suid-Afrika. Sy het aan 'n navorsingsgroep deelgeneem in samewerking met die Nelson Mandela Universiteit oor die onderwerp "'n Inklusiewe rekeningkunde-verwante leerprogram in die Suid-Afrikaanse hoër onderwys: 'n aangepaste onderrigbenadering".

*****